POLITIEKE WEERBAARHEID

Doel

Om die Verkenner 'n oorsig te gee van die basiese beginsels van die Reg, Grondwet en Menseregte

Uitkoms

Voer 'n gesprek met 'n nie-Voortrekker oor die volgende temas:

- Demokrasie
- Handves van Regte
- Grondwetlike hof

Doenwenke

- Gebruik die handves van regte om die munisipale bestuurder van die dorp te oortuig om beter toestande vir die dorp te skep
- Voer in die span 'n debat oor moedertaal onderrig in skole en gebruik die handves as riglyn
- Beskryf watter argumente jy sal gebruik as iemand jou verhoed om jou Christenskap uit te leef
- Oortuig jou offisier om in die plaaslike munisipale verkiesing te stem

Slaggate

Jy kan jou op so 'n oordrewe manier op die grondwet beroep dat jy jou vervreem van jou medemens omdat jy die beeld van die Afrikaner skade berokken.

DIE REG, GRONDWET EN MENSEREGTE

Hierdie deel van die Verkennerhandleiding sal beter pas by Graad 10- tot Graad 12- Verkenners. Dat hulle bewus moet wees van menseregte in 'n land soos Suid-Afrika is uiters belangrik aangesien dit die raamwerk vir hulle basiese regte as landsburgers voorskryf.

Demokrasie

Die eenvoudige omskrywing van 'n demokratiese sisteem is dat die mense van 'n land gereeld verteenwoordigers kies om hulle saak te stel, om hulle belange te bevorder en om hulle te regeer. Demokrasie is regering van die volk deur die volk.

Grondwetlike Demokrasie

Daar is verskeie vorme van demokrasie reg oor die wêreld. In Suid-Afrika beoefen ons 'n *Grondwetlike Demokrasie*. Dit beteken dat daar 'n geskrewe Grondwet is wat die verhouding tussen die regering en die burgers beheer.

Dit is ook 'n veelpartystelsel, wat beteken dat daar verskillende partye is wat teenoor mekaar staan en mekaar verantwoordelik hou vir hul doen en late sodat die een nie hom skuldig maak aan korrupsie en wanbestuur nie. Daar is ook ander meganismes in die stelsel ingebou om te verseker dat regeringsgesag met eerlikheid, integriteit en in belang van die mense uitgeoefen word. Die regering (President en sy Kabinet) moet verantwoording doen aan die Parlement as die verteenwoordiger van die kiesers. Die regeringsproses moet deursigtig en volgens die reg geskied. Die howe het die gesag om regeringsoptrede aan die reg te toets en ongeldig te verklaar as dit bots met die reg.

As daar net een party of groep was wat verteenwoordig was in ons land en as hierdie meganismes nie in plek was nie, sou dinge baie anders gewees het. In ons land is dit dus baie belangrik dat jy as landsburger bewus is van die grondwet en wat die grondwet vir jou beteken.

Die Grondwet

Die Grondwet is die belangrikste wet in ons land en is die hoogste reg van die Republiek. Enige ander regsreël wat bots met die reëls van die Grondwet is ongeldig en geld nie verder nie, want die Grondwet is die finale wet wat in 'n regskonflik toegepas word.

Die doel van ons Grondwet is om die waardes en demokratiese beginsels waarop ons republiek gebaseer is, te omskryf. Dit sluit waardes in soos menswaardigheid, gelykheid, vryheid, oppergesag van die reg, gereelde veelparty verkiesings, oop en verantwoordelike regering en onafhanklike lewe.

Die Grondwet bepaal ook die gesag van regeringsliggame wat beteken dat liggame soos die parlement, die President en sy ministers en die howe, ondergeskik is aan die reëls van die Grondwet.

Regsreëls
Regsreëls is die reg. Dit is die naam wat ons gee vir al die wetlike reëls wat toegepas word in 'n samelewing. Om by 'n stopstraat te stop is 'n regsreël.

Regsreëls word gesien in die volgende bronne:
- *Wetgewing*. Dit is regsreëls wat deur die parlement en ander gesagsinstansies gemaak word.
- *Gemenereg*. Dit is regsreëls wat met die geskiedenis van 'n land ontstaan het en wat deur howe erken word.
- *Regspraak*. Dit is uitsprake wat deur howe gemaak is.

DIE HANDVES VAN REGTE

Die Handves van Regte vorm deel van die Grondwet. Dit bevat ons grondwetlik beskermde regte en bepaal die verhouding tussen die regering van ons land en die burgers - dis nou ek en jy.

Dit is belangrik om te onthou dat geen mensereg absoluut geld nie en dat menseregte beperk kan word. Daar is byvoorbeeld billike perke wat geld by menseregte om vrede en orde te laat geskied.

Die twee beperkings is:
- Dat ons mekaar se regte respekteer. Jy kan dus nie enigiets sê, skryf of publiseer wat disrespekvol is teenoor iemand en dan aanspraak maak op vryheid van spraak nie.
- Die Handves van Regte skryf vir ons voor in watter omstandighede en onder watter voorwaardes menseregte deur die wet beperk kan word.

Dit is belangrik dat elke burger weet wat sy regte en verantwoordelikhede is. Die howe en die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) beskerm en bevorder die menseregte van al die mense van Suid-Afrika. Wat volg is 'n eenvoudige weergawe van die Handves van Regte. 'n Volledige weergawe is opgeneem in Hoofstuk 2 van die Grondwet.

Gelykheid	Daar mag nie onbillik teen jou gediskrimineer word nie. Maar regstellende aksie en differensiasie word toegelaat.
Menswaardigheid	Jou waardigheid moet gerespekteer en beskerm word.
Lewe	Jy het die reg tot lewe.
Vryheid en sekerheid van die persoon	Jy mag nie sonder verhoor aangehou word, gemartel of wreed gestraf word nie. Huishoudelike geweld word nie toegelaat nie.
Slawerny, knegskap en gedwonge arbeid	Slawerny, knegskap en gedwonge arbeid word nie toegelaat nie.
Privaatheid	Jy mag nie deursoek word nie. Jou huis of jou besittings mag ook nie deursoek word nie, tensy behoorlike prosedure deur die polisie gevolg is.
Vryheid van godsdiens, geloof en opinie	Jy mag dink en glo wat jy wil en jy mag die godsdiens van jou keuse beoefen.
Vryheid van spraak	Alle mense (wat die media insluit) kan sê wat hulle wil.

Samekoms, optog, plakkaatbetoging en petisie	Jy mag 'n optog en 'n plakkaatbetoging hou en 'n griefskrif oorhandig, maar jy moet dit vreedsaam doen.
Vryheid van assosiasie	Jy mag jou assosieer met wie jy ook al wil.
Politieke regte	Jy kan die politieke party van jou keuse steun. As jy 'n burger en minstens 18 is, mag jy stem.
Burgerskap	Jou burgerskap mag nie van jou af weggeneem word nie.
Vryheid van beweging en woonplek	Jy mag na enige plek in Suid-Afrika gaan en woon waar jy wil.
Vryheid van handel, werk en professie	Jy kan enige werk doen waarop jy besluit.
Arbeidsverhoudinge	Jy mag jou by vakbonde aansluit en staak.
Omgewing	Dis is jou reg om 'n gesonde omgewing te hê.
Eiendom	Jou eiendom kan net van jou af weggeneem word as die regte reëls gevolg word.
Behuising	Die regering moet seker maak dat jy toegang het tot behoorlike behuising.
Gesondheidsorg, kos, water en maatskaplike sekuriteit	Die regering moet seker maak dat jy toegang het tot kos en water, gesondheidsorg en maatskaplike sekuriteit.
Kinders	Kinders onder die ouderdom van 18 het spesiale regte, soos die reg om nie mishandel te word nie.
Onderwys	Jy het die reg tot basiese onderwys, wat volwasse basiese onderwys insluit, in jou eie taal (as dit moontlik is).
Taal en kultuur	Jy kan die taal gebruik wat jy wil en die kultuur van jou keuse beoefen
Kulturele, godsdienstige en taalgemeenskappe	Gemeenskappe kan hul eie kultuur geniet; hulle eie godsdiens beoefen; en hul eie taal gebruik.
Toegang tot inligting	Jy het die reg op toegang tot enige inligting wat die regering het.
Billike administratiewe optrede	Optrede deur die regering moet regverdig wees.
Toegang tot die hof	Jy kan 'n hof of 'n soortgelyke struktuur laat besluit oor 'n regsprobleem.
Gearrestreerde, aangehoude en beskuldigde persone	Dié regte beskerm mense wat in hegtenis geneem, in die tronk is of van 'n misdaad beskuldig word.

Beperking van regte
Het jy al ooit gewonder hoe bepaal die howe of 'n beperking op mensereg wettig is?

Om dit te bepaal, gebruik die Grondwetlike Hof vyf faktore naamlik:

a. Die belangrikheid van die betrokke mensereg as dit vergelyk word met ander menseregte. So is die reg op lewe belangriker as die reg om jou kultuur te beoefen.
b. Die belangrikheid van die doel van die beperking. Dit beteken dat 'n wettige en goeie rede moet wees om die beperking op te lê al dan nie.
c. Die ernstigheid van die beperking. Hier moet die hof bepaal hoe ver die beperking inbreuk maak op die reg. Die beperking moet pas by die doel waarom die beperking opgelê is.
d. Die verband tussen die beperking en wat bereik gaan word deur die beperking.
e. Minder drastiese maniere om die doel van die beperking te bereik. Hier moet die hof vasstel of daar ander maniere is waarop die doel bereik kan word as deur die betrokke beperking.

Verbeel jou...

- Verbeel jou jy woon in 'n land waar die wet voorskryf dat jy net een taal mag praat en dit is nie jou huistaal nie.
- Verbeel jou jy woon in 'n land waar die wet voorskryf dat jy geen godsdiens mag beoefen nie.
- Verbeel jou jy woon in 'n land waar die wet voorskryf dat jy in 'n ander taal as jou huistaal moet onderrig kry.
- Verbeel jou jy woon in 'n land waar die wet voorskryf dat jy nie mag dink of praat oor jou eie kultuur nie.
- Verbeel jou jy woon in 'n land waar daar geen wette of instansies is wat die natuur beskerm nie.

So 'n land is 'n moontlikheid as jy as landsburger nie jou verantwoordelikheid opneem en opstaan vir dit waarin jy glo nie.

Stemreg
Dit is jou verantwoordelikheid as goeie landsburger om te stem in sowel algemene as munisipale verkiesings.

Die gevolge daarvan om nie te stem nie is dat jy geen sê het as landsburger in die wyse waarop jou land regeer word nie. Wat ook al deur die regerende party of groep afgedwing word, moet jy aanvaar omdat jy jouself die geleentheid ontsê om 'n verskil te maak as jy nie stem in 'n verkiesing nie.

Jou verantwoordelikheid
Professor Rassie Malherbe van die Johannesburgse Universiteit wat betrokke was by die samesprekings toe die Grondwet saamgestel is in 1995-1996, beskryf jou deelname soos volg:

> "*Burgers* van die land behoort kennis te dra van hulle regte en verantwoordelikhede. In 'n demokratiese land moet die burgers *ingelig wees* oor die optrede van die regering en oor sake van die dag. Dit is hulle *verantwoordelikheid* om die regering se optrede by die stembus en in die openbaar te beoordeel. Hulle moet ook bewus wees van hulle menseregte *en in staat wees om hulle regte af te dwing.*"

Bronne
Internet:
Wikipedia, the free encyclopedia. 21/07/2005. Democracy (varieties) @
http://en.wikipedia.org/wiki/Democracy

Website of the Constitutional Court of South Africa. 21/07/2005. What is a constitution?
http://www.concourt.gov.za/site/theconstitution/whatisaconstitution.htm

SAMRK. 2005. Beskerm Jou Regte @
http://www.capegateway.gov.za/afr/directories/public_entities/261/5868

Artikel:
Malherbe, R. (Prof) 2005. Die reg, Die Grondwet en Menseregte. Artikel saamgestel vir die Transvaalse Jeugkongres: 2005.

Ek wil ook dankie sê aan Prof Malherbe vir sy insette met die skryf van hierdie gedeelte van die Verkennerlewe.

MENSEREGTE

Leer ken jou land:
Vandag wil ek hê ons moet gesels oor jou menseregte. Jy voel dalk dat jy reeds alles daarvan weet - maar ons kyk watter invloed menseregte het op my en jou se daaglikse bestaan. As ons in die straat af loop en luister na kinders is hulle gewoonlik ingelig oor hulle regte, maar dalk net die regte wat hulle nou raak. Julle weet mos watter regte dit is - daardie wat sê dat, as ek pak kry skaad hulle my regte en as boetie of sussie in my goed krap, my regte aangetas word. Wanneer jy wil aandring op jou menseregte moet jy ingelig wees. Dit bring my terug na Voortrekkerwees: ons sê so maklik 'n Voortrekker moet 'n goeie landsburger wees, maar kan jy 'n goeie landsburger wees as jy oningelig is? Gaan dan saam met ons op die reis om jou kennis aangaande menseregte op te skerp.

In hierdie hoofstuk gaan ons kyk na die geskiedenis van ons land se grondwette in en wat 'n grondwet nou eintlik is? Wat beteken dit as ons praat van demokrasie en wat is menseregte? Gesels gerus saam - ons wil graag hoor wat jy dink.

Kom ons begin sommer heel voor:

<u>Wat dink jy is 'n GRONDWET ?</u>

Gee nou eers jou eie beskrywing van wat jy verstaan onder die begrip “Die Grondwet”

_____

_____

_____

Kom ek vertel julle nou eers kortliks die geskiedenis van die Grondwet van Suid-Afrika:

Die Grondwet soos wat ek en jy hom ken, is reeds die vierde grondwet in Suid-Afrika se geskiedenis.
- In 1910 toe die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom het, was daar 'n grondwet.
- Die tweede grondwet word opgestel in 1961 toe Suid-Afrika 'n republiek word.
- Die Driekamer-Parlement het in 1983 tot stand gekom. Suid-Afrika kry toe sy derde grondwet.

Voor die verkiesing van 1994 is daar 'n tussentydse grondwet opgestel.

Na die verkiesing van 1994 - waarin alle burgers van die land kon stem - het die nuutverkose regering 'n Grondwetlike Vergadering ingestel om die nuwe grondwet op te stel.

Alle mense in die land het insae gehad in die Grondwet en kon hulle bydraes lewer.
So het die Grondwet soos wat ek en jy hom vandag ken tot stand gekom.

Ons kyk gou eers wat het jy gesê is 'n grondwet en dan vergelyk jy dit met ons definisie.

- Die Grondwet is die hoogste wet in Suid-Afrika
- Alle mense in die land, dit sluit die president en sy regering in, moet die Grondwet gehoorsaam
- In die Grondwet word daar duidelik uiteengesit wat die regeringsstrukture is en wat hulle magte is
- Die Grondwet verseker dat jou regte beskerm word en sorg dat die regering nie jou regte aantas nie
- Die Grondwet vervang nie ander wette nie - die Grondwet stel die standaard wat ander wette moet navolg
- Die Grondwet kan nie net sommer verander word nie. Wanneer die regering iets in die Grondwet wil verander moet twee derdes van die parlement teenwoordig wees om dit te verander d.w.s. 66,66 % van die parlement moet eers daaroor besluit !
- Die Grondwet bly onveranderd - al verander die regering

Hoe lyk dit? Was jou definisie of omskrywing van die grondwet dieselfde?
Ons praat ook nou so baie van demokrasie, maar wat is dit nou eindelik?

Demokrasie is maar een van die maniere waarop 'n land regeer kan word.

Die HAT sê dit is 'n regeringsvorm deur verteenwoordigers van die volk verkies; volksregering.

Abraham Lincoln het dit mooi gestel : “Regering van die mense, deur die mense en vir die mense”

Dit is letterlik wat dit dan ook in ons land beteken: almal in die land het 'n sê oor hoe die land regeer behoort te word.

Die vraag is nou: Sal daar iets gebeur as die hele land in die Parlementsgebou moet sit? Nee, dit is mos haas onmoontlik. Hoe kry hulle dit reg? Ons, as die burgers van die land, kies mense om ons in die Parlement te verteenwoordig en hulle neem namens ons besluite oor hoe die land regeer word. Ek en jy MOET dus sorg dat die persone wat verkies word wel ons belange op die hart dra en verantwoordelike besluite sal neem.

Sommer vir interessantheid

- Verkiesings moet ten minste elke vyf jaar gehou word.
- Alle Suid-Afrikaners kan stem solank hulle minstens 18 jaar oud is.
- Die party wat die verkiesing wen, stel die nuwe regering saam en regeer vir die volgende vyf jaar.

Demokrasie is dus 'n voortdurende proses waaraan almal gedurig moet werk - mense moet saam dink, saam leer en saamwerk.

Ons het nou gesê dat die Grondwet my en jou regte beskerm, maar watter regte het ons en wat is menseregte nou eintlik ?

Doenwenk

Gee vir ons 'n omskrywing of definisie van wat menseregte is.

Vra sommer die grootmense by die skool, huis en kerk wat verstaan hulle onder menseregte en vul dit dan hier in - gee asseblief vir ons ook jou eie mening rondom dit wat jy verstaan onder menseregte. Ek los sommer vir jou baie plek, vind dus oral uit…

Dankie. Jou mening oor menseregte is waardevol, maar jy het ook seker agtergekom dat mense van mekaar verskil oor wat menseregte is.

Menseregte : “Regte wat elke lewende wese van nature toekom afgesien van sy status, kleur, beskawing”. Dit is hoe die HAT dit beskryf.

Ons definisie :
Menseregte is daardie regte en vryhede wat vanaf geboorte outomaties aan elke mens toegeskryf word. Nie die staat of ander mense kan jou jou menseregte ontneem nie. Ons as Christene moet egter onthou dat enige reg ook verantwoordelikhede meebring. Ek kan dus nie sommer net die regte wat die Grondwet vir my gee wil opeis, sonder om ook die verantwoordelkhede wat met burgerskap saamgaan, na te kom nie.

Die term “menseregte” het na die Tweede Wêreldoorlog eers deel geword van die algemene woordeskat. Die oorlogsmisdade wat tydens die oorlog gepleeg was, het die wêreld laat besef dat dit nodig is om menseregte te erken en te beskerm.

WAT IS DIE GESKIEDENIS VAN MENSEREGTE?
Mense dink dat menseregte in Suid-Afrika eers na die 1994-verkiesing tot stand gekom het. Dit is nie heeltemal waar nie, want daar was voor 1994 tog regte wat in ons regstelsel ingeskryf was. Na die 1994-verkiesing is daar vir die eerste keer daaraan aandag gegee om die regte van mense te boekstaaf en so het die Handves van Menseregte in Suid-Afrika tot stand gekom met die ingebruikneming van die Grondwet in 1996.

Kom ons staan gou vir 'n oomblik stil by die geskiedenis van menseregte oor die tye heen.

800 vC - 500nC	Verkondig Griekse filosowe idees van regte, maar dit is nog nie in die ware sin van die woord menseregte nie.
1652 nC	Bring die Nederlanders die Romeins-Hollandse regstelsel na Suider- Afrika
1776 nC	Die Amerikaanse Verklaring van Onafhanklikheid word onderteken.
1789 nC	Die Franse rewolusie vind plaas - 'n stryd om vryheid en gelykheid. Hierdie stryd word egter gevoer vanuit die Franse filosoof Voltaire se mensgesentreerde denke, nie die Bybel se riglyne vir menslike verhoudings nie. Hierdie mensgesentreerde denke noem ons Humanisme. Dit is dan vanuit hierdie humanistiese denke van Voltaire wat die Nasionale Vergadering in Frankryk op 26 Augustus 1789 die Verklaring oor die Regte van Mense opgestel het.
1939 - 1945 nC	Tweede Wêreldoorlog vind plaas - en wrede menseregteskendings vind plaas.
1948 nC	Wêreldleiers onderteken die Universele Verklaring van Menseregte - mense se regte word so erken.
1966 nC	Internasionale Verdrag oor Sosiale, Ekonomiese en Kulturele regte word onderteken.
1981 nC	Afrika lande aanvaar die Afrika Handves oor Menseregte en Volkereg.
1993 nC	Tussentydse grondwet word opgestel .
1996 nC	Die finale grondwet word aanvaar, waarvan die Handves van Menseregte deel vorm.

As ons so na hierdie tydlyn kyk dan sien ons twee dinge. Eerstens, dat menseregte eeue al deel vorm van die mens se bestaan en tweedens, dat die idee van menseregte nie soseer vanuit die Christendom nie, maar vanuit die Humanisme ontstaan het.

Nou is die vraag natuurlik: As die idee van menseregte dan vanuit die Humanisme gekom het, wat moet Christene se houding hieroor wees? Moet ons niks daarmee te doen wil hê nie? Natuurlik is dit nie die antwoord nie. Ons moet weet wat die Grondwet sê oor menseregte, en dit ook gebruik. Ons moet egter onthou dat lewe eintlik 'n voorreg uit die hand van God is en dat elke reg en elke voorreg verantwoordelikhede meebring.

Handves van Menseregte
Kom ons kyk wat staan in die Handves van Menseregte en hoe dit jou raak.

Ons het reeds gekyk na wat menseregte is en waar dit vandaan kom asook hoe ons land se grondwet tot stand gekom het.

Nou wil ons meer breedvoerig kyk na die verskillende regte wat ek en jy as individue het. Onthou net: ons het gesê dat lewe eintlik 'n voorreg uit die hand van die Here is en dat voorregte en regte verantwoordelikhede meebring.

Jy het heel waarskynlik al van baie van die regte gehoor, maar ek herhaal dit gerieflikheid en deeglikheidshalwe sodat jy alles so bymekaar het.

Op julle ouderdom is kinders mos baie gesteld op privaatheid en hou julle nie regtig daarvan as boetie of sussie krap nie. Ons voel ook soms dat ons ouers baie onredelik is... Ek hoor eintlik hoe julle stemme in 'n koor opgaan. JA! JA! JA!

Lees eers verder.

Ongeveer 45% van Suid-Afrika se inwoners is kinders. Suid-Afrika is een van minstens 80 lande met 'n grondwet waarin daar uitdruklik van kinderregte sprake is. In sommige grondwette word daar bloot net melding daarvan gemaak en in ander word dit baie breedvoerig beskryf en bespreek.

Basiese menseregte wat in Hoofstuk 2 van die Grondwet voorkom geld ook vir kinders. Daar is ook nege ander kinderregte wat gespesifiseer word in die Grondwet.

Wanneer word jy nog as “kind “beskou op wie kinderregte van toepassing is?

In artikel 28 beteken “kind” iemand onder die ouderdom van 18 jaar.

Hier word 'n kort beskrywing gegee van basiese kinderregte soos omskryf in Hoofstuk 2 Art 28 (1) van die grondwet.

Kinderregte :

As daar na die kinderregte gekyk word moet ons onthou dat alles in die hof getoets moet word. So, skottelgoedwas en takies by die huis verrig is nié 'n skending van jou kinderregte nie!

Jou offisier sal nou die regte van die kind met jou bespreek - vra gerus as daar onsekerheid is oor jou kinderregte. Jy word as 'n mens beskou, dus geld die basiese menseregte wat in die Grondwet vir alle ander burgers geld dan ook vir jou. Jy het dus basiese regte en kinderregte en dit loop hand aan hand.

Aangesien kinders hoofsaaklik in die sorg van ouers en ander volwassenes grootword en nie altyd in 'n posisie is om hulleself te beskerm nie, word daar spesiaal voorsiening gemaak vir hulle regte. Ons het egter al gesien dat regte en voorregte ook altyd sekere verantwoordelikhede inhou. Ons kyk nou hierna.

REGTE VAN KINDERS	VERANTWOORDELIKHEDE VAN KINDERS
Elke kind (persoon onder 18 jaar) het vanaf geboorte die reg:	Elke kind (persoon onder 18 jaar) het ook die volgende verantwoordelikhede:
Tot ‘n naam en nasionaliteit.	Wees trots op jou eie naam, kultuur en nasionaliteit en behandel ander mense se naam, voorkoms, kultuur en nasionaliteit met dieselfde respek as waarmee jy behandel wil word.
Tot familie en ouerlike sorg of geskikte alternatiewe sorg indien die kind uit die familie-omgewing verwyder word.	Help met die versorging van almal in jou familie. Help wanneer iemand siek of moeg is of swakker of jonger as jy is.
Tot basiese voeding, beskutting, basiese gesondheidsdienste en maatskaplike dienste.	Moenie met kos mors nie. Besoek gereeld die tandarts en dokter. Pas jou gesondheid op deur gereeld te bad, hare te was, netjies aan te trek, tande te borsel en reg te eet. Vermy alkohol, sigarette en dwelms en vra hulp as jy probleme het.

Om beskerm te word teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering (dit sluit enige vorm van molestering ook in).	Moenie ander in jou gemeenskap of gesin mishandel, afknou, verwaarloos, misbruik of verneder nie. Moenie genot put uit ander se pyn en hartseer nie. Moenie wonde veroorsaak nie. Wees jy as Christen die een wat salf aansmeer.
Om beskerm te word teen uitbuitende arbeidspraktyke.	Help vrywillig in die huis en in die omgewing. Jy is deel van die huisgesin, gemeenskap en skool. Moenie vir ander werk maak wat jy self kan doen nie.
Om nie gedwing te word om werk of dienste te lewer wat: • ongeskik is vir die persoon se ouderdom, of • die kind se welstand, opvoeding, fisiese of geestelike gesondheid, moraal of sosiale ontwikkeling skade berokken nie.	Huiswerk is geskik vir almal. Jy sal nie daarvan mal word, dood neerval of siek word nie. Almal is veronderstel om te help om die huis skoon en netjies te hou, maaltye voor te berei en met take in en om die huis te help. Jy is heeltemal in staat om na jou eie kamer, kas en huiswerk om te sien.
Om nie in aanhouding geplaas te word nie - behalwe as dit die laaste uitweg is - en dan volgens spesifieke voorwaardes.	Sorg dat jy uit die moeilikheid bly deur nie die landswette, skoolreëls of huisreëls te oortree nie. Regte beteken ook dat daar altyd reëls is wat nagekom moet word en straf wat uitgedeel moet word indien hierdie reëls nie nagekom word nie.
Om regsverteenwoordiging te kry te opsigte van sake wat die kind self raak.	Leer jou regte ken en vra hulp wanneer jy dit benodig.
Om nie direk in gewapende konflikte gebruik te word nie en om in sulke omstandighede beskerm te word.	Moet self nie ander afknou, bangmaak, beseer of handgemeen raak nie. Leer om konflikte met woorde en nie met vuiste nie op te los. Moenie gevaarlike wapens of verbode middels by jou dra nie. Dit is teen die wet.
Tot basiese verdere opleiding.	Gaan gereeld skool toe, doen jou huiswerk, leer en doen jou bes!
Liefde en versorging.	Toon liefde op die regte manier en help ander versorg.
Tot ‘n veilige huis en beskutting.	Help om die huis in stand te hou. Moenie heeldag geld vra om jou eie behoeftes te bevredig nie; jou ma en pa werk daarvoor en moet die huis ook daarmee betaal en in stand hou.
Tot gereelde maaltye.	Eet gereeld en gesond! Moenie jouself uitteer of vetvoer en dan met strawwe diëte of pille die saak wil regtoor nie. Moenie jou eetgewoontes gebruik om aandag te trek nie. Dit is baba-agtig en jy verniel jouself daardeur!
Om met waardigheid en respek behandel te word.	Behandel jou ouers, grootouers, broers en susters,vriende en vriendinne,vreemdelinge, onderwysers en gesagsfigure met waardigheid en respek.
Om tyd, geduld en begrip van hul ouers te verwag.	Spandeer tyd saam met jou gesin. Wees geduldig en beskou gesinstyd as iets kosbaars. Probeer verstaan as jy verstaan wil word.
Tot selfrespek en 'n lewe wat vry is van fisiese, emosionele en seksuele misbruik.	Toon respek aan jouself. Wees lief vir jouself. Die Bybel sê immers: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Moenie ander mense fisies, emosioneel of seksueel misbruik nie! Geen mens het die reg om enigiemand anders te misbruik nie. Jy het dus ook die reg dat dit nie aan jou gedoen word nie!

Tot privaatheid.	Jy mag aandring op privaatheid in jou kamer, die badkamer en ten opsigte van jou besittings. Hou dit dan netjies en aan die kant en moenie jou goed oral laat rondlê nie. As ander nie namens jou moet skoonmaak of wegpak nie, sal daar nie in jou goed gekrap word nie.
Tot kultuur, ontspanning en spel.	Geniet sportgeriewe, parke en speelplekke. Dit is nie daar om verniel of bemors te word nie. Dit is ook nie plekke om dinge te doen wat nie by die huis toegelaat word nie. Wees trots op jou volk se kultuur, en neem aktief deel aan die uitbou daarvan. Toon respek vir ander volke se kultuur.
Om jou eie mening uit te spreek.	Luister voordat jy verwag dat ander na jou moet luister. Behandel ander soos jy behandel wil word.
Tot vrye assosiasie.	Jy kan self jou vriende kies, maar luister na raad indien mense jou teen verkeerde invloede waarsku. Mensekennis is 'n vaardigheid wat met verloop van tyd aangeleer word. Indien jou ouers jou teen sekere vriende waarsku, is daar gewoonlik goeie, grondige redes daarvoor. Luister gerus daarna!

DIE REGTE VAN OUERS:

Ons het nou breedvoerig gekyk na die regte van kinders. Miskien is dit vir party kinders 'n verrassing om te ontdek dat hulle ouers ook sekere regte het! Kom ons kyk nou na jou ouers se regte.

REGTE VAN OUERS	
Ouers het die reg tot menslikheid - niemand is perfek nie!	As 'n ouer verkeerd opgetree het of foute gemaak het, moet hy of sy bereid wees om dit teenoor die kind te erken. (As jou ouers rook of oormatig drink, gee dit jou nie die “reg” om dit ook te doen nie).
Ouers het die reg om, sover moontlik, 'n ontspanne lewe te lei. -	Wees bedagsaam en probeer om nie jou ouers onnodig aan spanning te onderwerp deur byvoorbeeld later as die gegewe inkomtyd by die huis te kom of dinge te doen wat nie jou ouers se goedkeuring wegdra nie.
Ouers het die reg om te slaap.	Ouers het die reg om nie deur harde musiek of as gevolg van hulle bekommernis oor hulle kinders se doen en late, uit die slaap gehou te word nie.
Ouers het die reg om te ontspan en gelukkig te wees in hulle eie huis.	Onthou, dit is húlle huis. (Hulle betaal die instandhouding, paaiemente of huur). Almal in die huis moet dus 'n poging aanwend om die huis skoon en netjies te hou.
Ouers het die reg om nie vir hulle kinders bang te wees, of deur hulle kinders mishandel, beledig of bedreig te word nie.	
Ouers het die reg om hulp van hulle kinders te verwag vir take wat in en om die huis verrig moet word.	
Ouers het die reg om inligting te bekom en die waarheid te hoor.	Dink daaraan dat die waarheid altyd een of ander tyd aan die lig kom.
Ouers het die reg om hulp te kry indien hulle kinders probleme ondervind.	Ouers het nie alle wysheid in pag nie. Moet dus nie vir hulle kwaad wees as hulle by 'n professionele persoon, soos byvoorbeeld die predikant, om hulp aanklop nie. Hulle doen dit vir jou beswil.

KINDERS EN VERHORE:

Is jy al kantoor toe geroep vir iets ernstigs wat jy verkeerd gedoen het of waarvan jy beskuldig word? Onthou dat alle volwassenes die riglyne van die Handves van Menseregte moet nakom en daarom is dit belangrik dat die regte prosedures gevolg sal word indien iemand (insluitend kinders) beskuldig word, skuldig bevind word of gestraf moet word. Dit is belangrik dat jy hierdie prosedures sal ken omdat dit nie net verseker dat jy billik en regverdig behandel sal word nie, maar ook omdat hierdie prosedures ook later in jou beroepsloopbaan gevolg sal word.

OPSOMMING VAN REËLS EN PROSEDURES

- Daar mag nie onregverdig teen 'n persoon gediskrimineer word op grond van ras, geslag, ouderdom, swangerskap, huwelikstatus, etniese of sosiale oorsprong, kleur, seksuele voorkeur, geloof, gewete, kultuur, taal of geboorte nie
- Alle persone se waardigheid moet gerespekteer en beskerm word
- Die reg tot vryheid en sekuriteit moet beskerm word
  - Geweld is onaanvaarbaar
  - Mishandeling is onaanvaarbaar
  - Straf op 'n wrede, onmenslike of afbrekende wyse is onaanvaarbaar
- Die reg tot liggaamlike en sielkundige integriteit moet beskerm word
- Die reg tot privaatheid moet beskerm word
- Die persoon se huis, besittings en eiendom mag nie deursoek word in sy afwesigheid nie
- Jy het die reg om ingelig te word
  - oor jou reg om stil te bly
  - oor die gevolge indien jy nie sou stilbly nie
- Jy kan nie gedwing word om skulderkennings te maak nie
- Die verhoor moet so gou moontlik na aanklag plaasvind (48 uur)
- Jy het die reg tot 'n billike en regverdige verhoor
  - Jy moet ingelig word oor die klag teen jou met genoeg inligting om daarop te kan antwoord
  - Jy moet genoeg tyd gegun word om jou verdediging voor te berei
  - Jy moet tydens die verhoor teenwoordig wees
  - Jy mag deur iemand verteenwoordig word indien jy nie self jou saak behoorlik kan stel nie
  - Jy word as onskuldig beskou totdat jy skuldig bewys word
  - Jy kan getuies inroep om jou saak te verdedig
  - Jy kan die aanklaer se getuies kruisondervra
  - Die verhoor moet plaasvind in 'n taal wat jy verstaan of 'n tolk moet teenwoordig wees
  - Jy kan nie weer skuldig bevind word op 'n klag waarvoor jy reeds verhoor en skuldig of onskuldig bevind is nie. (Dit kan egter verswarend teen jou tel)
  - Die straf moet by die oortreding pas
  - Jy het die reg om teen die uitslag van die verhoor te appelleer sodat dit deur 'n hoër gesag verhoor kan word
  - Jy het die reg tot inligting oor die saak in 'n taal wat jy verstaan
  - Bewyse wat op 'n onregmatige manier verkry word, kan nie as bewysstukke gebruik word nie
  - Dit is belangrik dat notules van die verhoor gehou moet word

ONTHOU EGTER, VERKENNER, DAT JY JOU TE ALLE TYE MET WAARDIGHEID MOET GEDRA - AL WORD JY SKULDIG BEVIND EN GESTRAF!